

<p><b>Vraag 1</b></p> <p>(a) Die stelling is deels reg en deels verkeerd (sien "mag alleentlik") en gevolglik verkeerd.</p> <p>Om persone wat mensenslagting, misdade teen die mensdom en oorlogsmisdade pleeg voor die geregtelike hof te bring, is die hof van die Suid-Afrikaanse grondgebied gepleeg is, is die hof van jurisdisie het om die te verhoor of (1) "n geregtelike hof in die Republiek; of, (2) die <i>Internasionale Strafhof</i> in den Haag, waar die NDOV weier om te vervolg of nie instaat is om die misdad te vervolg nie. "n beginsel wat in lyn is met die beginsel van komplementariteit. Sien a3 3(d) en 3(e) en 5(f) van die <i>Implementation of the Rome Statute of the International Criminal Court Act, 27 van 2002</i> wat deur RSA geratifiseer is.</p> <p>(b) Stelling (b) is korrek. Sien a 20 van die Child Justice Act.</p> <p>(c) Stelling (c) is korrek. Sien p. 12 en die Child Justice Act.</p> <p>(d) Stelling (d) is verkeerd. Sien p. 6.</p> <p><b>Korrek Opsie: 5</b></p>	<p><b>Vraag 2</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Sien p. 140.</p> <p>(b) Stelling (b) is verkeerd. Sien p. 114.</p> <p>(c) Stelling (c) is verkeerd maar die stelling soos op p. 99 item 3 van die Handboek kan miskien tot verwarring lei wanneer dit nie binne konteks gelees word nie. Wanneer 'n arrestasie gevolg word die SPW uitgevoer word, kan dit plaasvind deur of met 'n hofbrief (a 43) of anderszins (soos bepaal in a 40 of 43) - dws arrestasie vind plaas wanneer 'n misdryf in <i>flagrantie</i> gepleeg word (s 40(1)(a)), of waar daar die redelike vermoede is dat 'n misdryf gepleeg is- ingevolge a 40(1)(b); Artikel 40(1)(a) van die SPW mag 'n vredesbepaling om sonder 'n hofbrief te arresteer iemand wat 'n misdryf in sy teenwoordigheid gepleeg/pleeg te pleeg. In <i>Minister of Safety and Security v Mhlana 2011 (1) SASV 63 (WHH)</i> veris die hof nie sekerheid by die arresteerder nie maar 'n subjektiewe eerlike observasie en objektief-redelike gevolgtrekkings: "<i>All that was necessary for reliance on s 40(1)(a) was observance of behaviour which was prima facie criminal, and it could not be doubted that the police officer had honesty and reasonably come to the conclusion that the respondent was committing a crime in his presence. In order for a peace officer to rely on s 40(1)(a) it was not necessary that a crime in fact be committed, or that the arrested person be later charged and convicted of the suspected offence.</i>" Insoverre arrestasie op grond van a 40(1)(b), beters die redelike vermoede toets op die redelike man se oordeel en die gronde hoef nie seker te wees of die waanheid en werklike feite te wees nie (of wat "werklik bestaan" soos gestel op p99) maar soliede realiteite en goed gefundeerde gronde met inagneming van die omstandighede van die besonderse saak. Die hof in <i>Mthobana and Another v Minister of Law and Order and Others 1988 (2) SA 654 (SO)</i> op 658E verduidelik hoe die redelike man die getuënis tot sy beskikking sal analiseer, evalueer en beoordeel om te bepaal of sy vermoede redelik is al dan nie: "<i>The test of whether a suspicion is reasonably entertained within the meaning of s 40(1)(b) is objective. Would a reasonable man in the second defendant's position and possessed of the same information have considered that there were good and sufficient grounds for suspecting that the plaintiffs were guilty of conspiracy to commit robbery or possession of stolen property known to have been stolen? It seems to me that in evaluating this information a reasonable man would bear in mind that the section authorises drastic police action. It authorises an arrest on the strength of a suspicion and without the need to swear out a warrant, to something which otherwise would be an invasion of private rights and personal liberty. The reasonable man would therefore analyse and assess the quality of the information at his disposal critically, and he will not accept it lightly or without checking it where it can be checked. It is only after an examination of this kind that he will allow himself to entertain the suspicion that will justify an arrest. This is not to say that the information at his disposal must be of sufficiently high quality and cogency to engender in him a conviction that the suspect is in fact guilty. This section requires suspicion but not certainty. However, the suspicion must be based upon solid grounds. Otherwise, it would be flighty or arbitrary, and not a reasonable suspicion.</i>" (Beklemtoning bygevoeg.) Sien ook p 111. (In die lig van moontlike verwarring sal ons 'n punt in die eksamen aan u gee.)</p> <p>(d) Stelling (d) is korrek. Sien p. 82.</p> <p><b>Korrek Opsie: 5</b></p>
<p><b>Vraag 3</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Sien p. 22.</p> <p>(b) Stelling (b) is verkeerd. Sien p. 22.</p> <p>(c) Stelling (c) is korrek. Sien p. 12. Mens kan argumenteer dat die stelling nie kategories deur almal ondersleun word nie of te wel deur die meerderheid nie en gevolglik sal ons u punte in die eksamen gee.</p> <p>(d) Stelling (d) is verkeerd. Sien p. 34.</p> <p><b>Korrek Opsie: 5</b></p>	<p><b>Vraag 4</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Sien p. 48.</p> <p>(b) Stelling (b) is verkeerd. Sien p. 58.</p> <p>(c) Stelling (c) is verkeerd. Sien p. 104- (slegs Sondae en openbare vakansiedae).</p> <p>(d) Stelling (d) is verkeerd omdat dit deels korrek en deels verkeerd is. Waar die las ingevolge a 60(1) spesifiek deur die wetgewer op die applikant in 'n aansoek om borgtog geplaas word, moet hy dit deur die sêrelike bewysas van op 'n oorweg van omstandighede bewys. In enige ander geval wat nie aan a 60(1) onderworpe is nie, is daar 'n "praktiese las" op die staat om inligting of getuënis aan te bied dat daar 'n "wansekerheid" is dat borgtogverlening nie in belang van geregtigheid is nie - S v <i>Tshabalala 1998 (2) SASV 259 (K)</i>; of ook gestel as 'n "onus tot ooreeding" ("an onus of persuasion") wat op die Staat rus- S v <i>Albete and Another 1996 (1) SACR 212 (W)</i>. In die veriede het die hof te vermy om die Staat se onus aan enige spesifieke standaard te koppel weens die tegniese aard van die verrigtinge wat inkwisiotiese verrigtinge is waar die onus nie 'n rol speel nie.</p> <p><b>Korrek Opsie: 3</b></p>
<p><b>Vraag 5</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Die geen-klop klousule beteken dat daar geen aankondiging gemark word nie. Sien p. 148.</p> <p>(b) Stelling (b) is korrek. Sien p. 141.</p> <p>(c) Stelling (c) is verkeerd. Sien p. 148.</p> <p>(d) Stelling (d) is korrek. Sien p. 147.</p> <p><b>Geen korrekte opsie: 9</b></p>	<p><b>Vraag 6</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Die vereiste is "n" prima facie saak" en nie " dwingende redes" nie- Sien p. 65-66.</p> <p>(b) Stelling (b) is korrek. Sien p. 88.</p> <p>(c) Stelling (c) is halfreg en daarom verkeerd. Redelike vermoede is nie die enigste vereiste nie maar die misdryf kan ook in die arresteerder se teenwoordigheid plaasvind - Sien <i>Minister of Safety and Security v Mhlana</i> (hierbo in 2(c)).</p> <p>(d) Stelling (d) is korrek.</p> <p><b>Korrek Opsie: 5</b></p>
<p><b>Vraag 7</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Sien p. 178.</p> <p>(b) Stelling (b) is verkeerd. Sien p. 169.</p> <p>(c) Stelling (c) is verkeerd. Sien p. 174.</p> <p>(d) Stelling (d) is korrek. Sien p. 184.</p> <p><b>Korrek Opsie: 2</b></p>	<p><b>Vraag 8</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Sien p. 117 ( beskuldigde moet binne 48 uur na 'n hof gebring word).</p> <p>(b) Stelling (b) is verkeerd. Sien p. 128.</p> <p>(c) Stelling (c) is verkeerd. Sien p. 137.</p> <p>(d) Stelling (d) is verkeerd. Sien p. 137.</p> <p><b>Korrek Opsie: 2. ( Een punt sal in die eksamen toegeken word indien u antwoord verkeerd gemerk is.</b></p>
<p><b>Vraag 9</b></p> <p>(a) Stelling (a) is korrek. Sien p. 140.</p> <p>(b) Stelling (b) is korrek. Sien p. 149.</p> <p>(c) Stelling (c) is verkeerd. Sien p. 150.</p> <p>(d) Stelling (d) is verkeerd. Sien p. 158.</p> <p><b>Korrek Opsie: 3</b></p>	<p><b>Vraag 10</b></p> <p>(a) Stelling (a) is verkeerd. Sien p. 160. Artikel 60 beheers die diskresie van die hof.</p> <p>(b) Stelling (b) is verkeerd. Sien p. 42.</p> <p>(c) Stelling (c) is verkeerd. Sien p. 41.</p> <p>(d) Stelling (d) is verkeerd. Sien p. 42.</p> <p><b>Korrek Opsie: 1</b></p>

## WERKOPDRAG 02 (29 Maart 1998)

U moes beide vrae beantwoord het. Ons het vraag 2 gemerk en u 'n addisionele 2½ gegewe indien u ook vraag 1 gedoen het. Onthou hierdie is nie model-antwoord nie maar bloot rigtinggevers waarvan u die inhoud moet aanvol.

### Vraag 1

Hierdie vraag het te make met die onderveraging van getuies wat ingevolge a 205 van die SPW ondervra word. Die inleidende deel van die vraag kan gevind word op p. 131-132 maar die detail en inhoud word gevind op bladsy 134 en verder (par 1.2).

Studente moes as inleiding noem dat alhoewel die polisie getuies mag ondervra, kry hulle nie altyd samewerking van moontlike getuies nie en a 205 verleen sekere magte om die polisie in sy ondersoek-taak te help. Die liggaam van die vraag dek 'n bespreking van a 205 en a 189 wat kortliks gestel op dievolgende neerkom :

Gewoonlik nader die aanklaer 'n regter, 'n streeklanddros of 'n landdros om 'n getuie wat waarskynlik wesenlike of tersaaklike inligting betreffende 'n beweerde misdryf kan verstrek, aan te sê om voor hom of enige ander regter, streeklanddros of landdros te verskyn vir ondervraging deur die aanklaer. Normaalweg word so 'n getuie gedagdevaar om voor die regterlike beampte te verskyn maar dit is nie 'n gebiedende vereiste en die getuie kan informeel versoek word om te verskyn. Dit sal dan siegs van die getuie se pligsgeset afhang of hy sal verskyn op so 'n informele versoek al dan nie. Veral omdat daar geen regsgevolge daartoe kan voortspruit nie. Indien so iemand daardie inligting voor die datum waarop hy aangestel is om voor die betrokke regterlike beampte te verskyn tot bevrediging van die aanklaer verskaf, is hy onder geen verdere verpligting is om voor 'n regter, streeklanddros of landdros te verskyn nie. So 'n ondervraging kan privaat plaasvind op enige plek deur die genoemde regterlike beampte aangewys en hoof dus nie noodwendig in 'n hof plaas te vind nie. Indien so 'n getuie weier om inligting te verskaf, of om op vrae te antwoord kan die regterlike beampte op summiere wyse ondersoek instel na sy weiering of versuim. Ingevolge a 189 moet die getuie voldoende verskoning vir sy versuim aantoon. Indien die getuie sou weier of versuim om die inligting te verstrek, word gevangenisstraf soos beoog in a 189 nie opgelê nie, tensy die betrokke regterlike beampte ook van oordeel is dat die verskaffing van sodanige inligting noodsaaklik is vir die regspleging of vir die handhawing van wet en orde. Die getuie is nie verplig om te antwoord op self-inkriminerende vrae nie behalwe waar hy spesifiek gewaarsku word ingevolge die bepallings van a 204. Artikel 205 verleen nie aan die aanklaer die reg om die getuie in kruisverhoor te neem nie en die getuie is geregtig op regsbystand.

Die Konstitusionele Hof het in *Mel v Le Roux* 1996 (3) SA 562 (CC) beslis dat a 205 in beginsel nie in stryd met die grondwet is nie maar die toepassing daarvan kan in gegee omstandighede ongrondwetlik wees.

### Vraag 2

Die Strafverhoor is in wese 'n stryd tussen die staats en die beskuldigde en die rol van die slagoffer is beperk tot een van 'n getuie. Slagofferdeelname lyk ongenoegsaam en slagoffers voel uitgesluit van die proses. Die praxis van lede van die gemeenskap en slagoffers in die besonder is dat misdadigers beter beskerming onder die reg geniet as slagoffers van misdaad. Dit is in 'n groot mate die gevolg van 'n liberale grondwet wat 'n Menseregthandves bevat wat die individu se regte beskerm ongeag of die persoon 'n misdryf gepleeg het. Die gebrek aan 'n strategie vir die beskerming van die slagoffer van misdaad soos besondere en genoegsame beskerming van die slagoffer aan traumatisering ontbreek in die grondwet. Ongenoegsame voorverhoor kommunikasie met die slagoffer, swak ondersoekwerk en swak aanleiding van sake in die hof is algemeen. Die regsstelsel en die strafproseswet in besonder het tog sekere mate van beskerming meganismes van slagoffers soos in die volgende bepallings van sekere wette gemanifesteer word.

LET OP: Die inligting hieronder is kortliks gestel en u moet die inligting in meer detail weergee in die werkopdrag en wanneer u 'n eksamenvraag daarvoor beantwoord ten einde die maksimum punte daarvoor te behaal.

### Slagofferdeelname

Statutêre bepallings wat slagofferdeelname aan die proses bevorder :

- Die Victim Charter- staan op slagofferbeskerming en deelname
- Deel 16 van die *Prosecution Directives*: sien *Handboek hoofstuk 1*
- Die instelling van 'n private vervolging kan ook beskou word as 'n vorm van slagofferdeelname (a 7)
- Child Justice Act vir kollektiewe deelname van die slagoffer
- Artikel 105A(1)(b)(iii) van die SPW; a 300 van die SPW; a 179(5)(d)(iii) van die Grondwet
- Seksmisdade waar die ondersoekbeampte verplig is om 'n 'impak-verklaring' van 'n slagoffer te verkry om te help met vonnisoplegging

A 299A \_ ten opsigte van sekere ernstige misdade kan slagoffer (of naasbestaendes van 'n ooreledene) vertoe te rig aangaande 'n gevonnisd persoon se vrylating op parool of dagparool of plasing onder korrekiewe toesig.

### Slagofferbeskerming

- Sekere statutêre bepallings wat die beskerming van slagoffers (en ander getuies) as oogmerk het soos byvoorbeeld in a 144(3) waar 'n beskuldigde vir 'n summiere verhoor in die Hoë Hof teregstaan, moet die akte van beskuldiging vergesel wees van 'n lys met die name en adresse van voorgenome staatsgetuies
- Indien dit aan die hof blyk dat dit waarskynlik is dat 'n getuie leed aangedoen kan word, mag die hof gelas dat die betrokke getuie agter geslote deure of *in camera* getuig (a 153-154)
- 'n Hof kan in sekere omstandighede gelas dat 'n jeugdig getuie deur middel van geslotekringtelevisie kan getuig om kontak met hofprosedures te vermie (a158(3))
- 'n Hof mag 'n tussenganger aanstel indien dit sou blyk dat 'n getuie onder die ouderdom van agtien jaar aan onredelike geestespanning of -lyding blootgestel sou word
- Enige getuie wat rede het om te vermoed dat sy veiligheid bedreig word of bedreig kan word mag ingevolge die Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998 onder getuiebeskerming geplaas word
- Deel 16 van die *Prosecution Directives* :

Aanklaers moet ten alle tye die veiligheid van getuies in ag neem

Vrywillige beskerming onder die Getuiebeskermingswet, 112 van 1998

Aanklaers moet uit eie aansoek vir beskerming van getuies doen waar die aanklaer van oordeel is dat die getuie se veiligheid bedreig word maar dit moet met toestemming van die getuie plaasvind

Waar die getuie se belange bedreig word soos bedoel in a 158(3)(e) kan die aanklaer aansoek doen dat hy of sy met geslotekringtelevisie getuig

- Aansoek om die polisdossier moet aan die beskuldigde gewer word waar die getuie getuimedeerd of bedreig word

- Wysingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrwywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007 se prosedures om slagoffers van seksuele misdrwywe te hulp te kom

- Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998- veiligheid van getuies teen moontlike bedreiging van veiligheid of intimidasie